


# Altyd gereed met ‘n antwoord

## Vreemdelinge in eie land

- Die agtergrond van 1 Petrus skets 'n prentjie van gelowiges wat in die hart van 'n intense "krisis van tuishoort" vasgevang was. Mense het 'n diep, ingebore behoefte om in te pas en iewers te behoort, maar vir hierdie vroeë Christene het hul toewyding aan Jesus van hulle vreemdelinge gemaak. Hulle het nie na 'n vreemde land getrek nie, maar hulle het kulturele bannelinge in hul eie strate geword. In die antieke wêreld was die sosiale lewe, besigheid en heidense godsdiens onlosmaaklik met mekaar verweef.
- Om Jesus as enigste Here te bely, het beteken dat hulle skielik moes onttrek van die plaaslike tempelfeeste, die verpligte eerbetoon aan die keiser, en die byeenkomste van hul besigheidsvennote. Hierdie keuses het gelei tot 'n diep en krisis van “behoort”. Omdat hulle nie meer aan die algemene feeste deelgeneem het nie, is hulle as antisosiaal en selfs as gevaarlik beskou—hulle is beswadder as mense wat die gode kwaad maak en die stabiliteit van die samelewing bedreig. Dit het gelei tot ekonomiese boikotte, bespotting, en kwaadwillige skinderpraatjies. Dit is uitputtend om dag in en dag uit as 'n buitestander in jou eie gemeenskap te moet leef.
- Petrus skryf hierdie brief vir daardie gelowiges in hulle eensaamheid en sosiale pyn. Hy bied nie vir hulle 'n ontsnaproete uit die samelewing nie, maar gee vir hulle 'n radikale nuwe identiteit om hul behoefte aan behoort te vul. Hy herinner hulle daaraan dat hul verwerping op aarde hand aan hand gaan met hul absolute aanvaarding deur God. Wat hulle in aardse status, vriendskappe en behoort verloor het, word oortref deur iets veel groters: hulle is nou burgers van 'n nuwe, ewige koninkryk en behoort aan God se eie huisgesin.

## Goeie lyding

- Daar is verskillende redes hoekom ‘n mens swaarkry. Dit kan wees dat jy jouself in daardie posisie geplaas het weens die

verkeerde besluite wat jy geneem het of die verkeerde dinge wat jy doen.  Dit het konsekwensies.

- Dit kan ook wees dat daar geen verband is met wat jy gedoen of nie gedoen het nie. Dit voel lukraak, asof dit maar net jou “beurt” was om swaar te kry en jy het geen beheer daaroor nie.
- Maar dan is daar die soort swaarkry wat Petrus beskryf.  Die swaarkry wat ons met vreugde kan dra, naamlik die swaarkry omdat jy goed doen.
- Mens is wel in die versoeking om maklik te dink dat jy swaarkry omdat jy goed doen. Dit is so ‘n bietjie van ‘n martelaarshouding: “Omdat ek swaarkry, daarom is ek reg en goed”.  Dit is natuurlik nie so nie.  As ek teenstand ervaar, is dit nie per definisie omdat ek reg is nie, maar soms juis omdat ek verkeerd is.
- Tog is dit ‘n goeie vraag om te vra.  Is ek uit pas met die ritmes van hierdie wêreld? Lyk ek potsierlik omdat ek op ‘n ander ritme dans?  In watter mate kry ek “swaar” omdat ek nie saam met die stroom swem nie?  Petrus sê niemand sal swaarkry kies ter wille van swaarkry nie. Maar as jy swaarkry, sorg dat dit van die “goeie soort” is.  Die soort wat kom omdat jy uit pas uit is met die gemaklike en die gangbare, met die verstekposisies in ons wêreld.

## Apologetiek is geen verskoning nie

- Wanneer ons die woord "apologetiek" (uit die Grieks apo-logia) in 1 Petrus 3:15 lees, moet dit nie verwar word met ons moderne idee van "apologeties wees" nie. Om apologeties te wees beteken dikwels ons voel skaam, minderwaardig, of vra as't ware verskoning dat ons anders dink as die wêreld. Bybelse apologetiek is presies die teenoorgestelde! Dit beteken nie ons vra om verskoning vir geloof nie. Dit is 'n dapper, maar sagmoedige verduideliking van ons lewende hoop. Dit is ‘n getuienis van 'n onwankelbare hoop.
- "In julle harte moet julle Christus as Here eer." Ware apologetiek begin met 'n hart wat reeds rotsvas besluit het aan Wie dit behoort, ongeag wat die samelewing sê.
- “'n Antwoord aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis." Ons is veronderstel om met sóveel goedheid en ongewone vreugde te leef dat dit die wêreld noop om te stop en te vra: "Hoekom is julle so anders?"
- "...oor die hoop wat in julle lewe." Ons hoef nie te debatteer of te oordeel nie. Ons moet ons hoop verduidelik.
- "...doen dit met beskeidenheid en met eerbied." Wanneer die wêreld bespot of uitsluit, reageer ons met waardigheid en breek so die siklus van woede.

## Bonhoeffer bely...

- Ek glo dat God uit alles, selfs uit die ergste kwaad, goeie dinge kan en wil laat voortspruit. Daarvoor het Hy mense nodig wat toelaat dat alle dinge ten goede meewerk.
- Ek glo dat God in elke noodsituasie vir ons soveel weerstandskrag wil gee as wat ons nodig het. Maar Hy gee dit nie vooraf nie, sodat ons nie op onsself nie, maar op Hom alleen sal vertrou. In so ’n geloof behoort alle angs vir die toekoms oorwin te wees.
- Ek glo dat selfs ons foute en dwalings nie tevergeefs is nie, en dat dit vir God nie moeiliker is om dit te hanteer as ons vermeende goeie dade nie.